

## Locality Map:



**Site Notice:** 24/07/2020 09:12:37; **GPS Coordinates:** -30.190000, 22.565600




**Site Notice 1**

**Site Notice:** 24/07/2020 09:16:04; **GPS Coordinates:** -30.224140, 22.759170




**Site Notice 2**

**Site Notice:** 24/07/2020 09:18:17; **GPS Coordinates:** -30.339720, 22.467780





**Site Notice 3**

**Site Notice:** 24/07/2020 09:20:22; **GPS Coordinates:** -30.366390, 22.501670




**Site Notice**

**Site Notice:** 24/07/2020 09:21:23; **GPS Coordinates:** -30.418890, 22.525360




**Site Notice 5**

**Site Notice:** 24/07/2020 09:22:43; **GPS Coordinates:** -30.224170, 22.671110





**Site Notice 6**

**Site Notice:** 24/07/2020 09:26:14; **GPS Coordinates:** -30.432500, 22.822220




**Site Notice 8**

**Site Notice:** 24/07/2020 09:28:27; **GPS Coordinates:** -30.486670, 22.644170



**Site Notice 9**

**Site Notice:** 24/07/2020 09:29:52; **GPS Coordinates:** -30.226940, 22.490280




**Site Notice 10**

**Site Notice:** 24/07/2020 09:31:56; **GPS Coordinates:** -30.356940, 22.787220




**Site Notice 7**

## NOTICE 38 OF 2020

# ENVIRONMENTAL NOTIFICATION: PROSPECTNG RIGHT APPLICATION

Notice is given in terms of Section 16 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act No. 28 of 2002) (MPRDA), and Chapter 6 of the Environmental Impact Assessment Regulations, 2014 promulgated under the National Environmental Management Act (Act 107 of 1998) (NEMA, as amended), of application for a prospecting right application and Environmental Authorisation.

Environmental Impact Management Services (Pty) Ltd (EIMS) has been appointed by Black Mountain Mining (Pty) Ltd – hereafter referred to as the applicant – to prepare and submit a Basic Assessment Report (BAR), Environmental Management Programme (EMPR), as well as an Integrated Interested and Affected Party (I&AP) Consultation process, in support of a prospecting right application and Environmental Authorisation.

The prospecting right application will be undertaken in accordance with the requirements of the Minerals and Petroleum Resources Development Act (Act 28 of 2002, as amended) (MPRDA) and the associated regulations, and the National Environmental Management Act (Act 107 of 1998, as amended) (NEMA) and the associated regulations, and has been lodged at the Department of Mineral Resources (DMR) – Northern Cape.

**Nature of Activity:**
The applicant, Black Mountain Mining (Pty) Ltd, is applying for a prospecting right application in order to ascertain if economically viable mineral deposits exist within the application area for the following: Ferrous & base metals (Copper, Iron, Lead, Zinc, Manganese, Nickel, Molybdenum) and all associated metals and minerals, precious metals (Gold, Silver) and all associated metals and minerals. Both non-invasive and invasive prospecting techniques will be utilized.

The following NEMA listed activities have been applied for to the Competent Authority, the Department of Mineral Resources, for this application:

- **Listing Notice 1 (GNR 983) Activity 20**: Activities directly related to prospecting of a mineral resource, including the operation of that activity which requires a prospecting right in terms of section 16 of the Mineral and Petroleum Resources Development Act, 2002 (Act No. 28 of 2002), including associated infrastructure, structures and earthworks, directly related to prospecting of a mineral resource.
- **Listing Notice 1 (GNR 983) Activity 27**: The clearance of an area of 1 hectares or more, but less than 20 hectares of indigenous vegetation.
- **Listing Notice 3 (GNR 985) Activity 12 (g) (ii)**: The clearance of an area of 300 square metres or more of indigenous vegetation within critical biodiversity areas identified in bioregional plans.

**Location**:
The Koa South Application Area covers an area of approximately 9234.1442 hectares. The area is located approximately 77,3 km South-West of Prieska and 166 km North-West of De Aar, Pixley Ka Seme District in the Northern Cape Province. The application area includes portions 1 and 2 of the Farm Kalkfontein A 131 and portions 3 and 4 of the Farm Roode Draai 134. Die geographical centre point of the proposed project area is: 30°19'38.77" S and 22°36'17.72" E

**Date of Placement:**
March 2020

**Registration and Comment:**
Interested and Affected Parties (I&AP's) are provided an opportunity to register and comment on the proposed activity and application. In order to ensure that you are identified and registered as an interested and affected party (I&AP) please submit your name, contact details and the reason for your interest, in writing or telephonically, to Environmental Impact Management Services (Pty) Ltd (Contact details are provided at the end of this letter) by no later than the 18th April 2020. Please include the project reference number 1304-7 in all correspondence. Please note that only registered I&AP's will be informed of any project information in future.

Any queries, comments, or concerns with regards to this application can be directed to EIMS at:

- Contact person: Cheyenne Muthukarapan
- E-mail: koasouth@eims.co.za
- Fax: 086 571 9047
- Tel: 011 789 7170
- Postal address: P.O. Box 2083; Pinegowrie; 2123
- Reference no: 1304-7

EIMS ENVIRONMENTAL IMPACT MANAGEMENT SERVICES

# SO SÊ DIE REDAKTEUR

VRYDAG 20 MAART 2020

## LIGGIE VOOR IN TONNEL DOOF UIT

ULTRA beurtkrag van verlede week het Suid-Afrikaners laat wanhoop of daar ooit 'n verbetering sal intree met die verskaffing van elektrisiteit solank die ANC vir Eskom met geleende geld aan die gang gaan hou as 'n voltydse staatsonderneming.

Dit is nou al verskeie jare dat die president aangekondig het dat Eskom in drie dele opgedeel gaan word met die implikasie dat die organisasie gedeeltelik privatiseer gaan word. Met dié opsie in die vooruitsig het ons almal 'n dowwe liggie voor in die tonnel gesien. Na verlede week se chaotiese fase vier beurtkrag, het ook daardie flou liggie uitgedoof.

Dit het nou duidelik geword dat selfs president Ramaphosa en sy gewaande ondersteuners Eskom nie uit sy ellende opgehef gaan kry nie. Dit dui eerder op toenemende verslegting van die toestand sedert Ramaphosa oorgeneem het. Belastingbetalers en kraggebruikers het die afgelope 25 jaar miljarde der miljarde in Eskom gepomp net om beurtkrag in die oortreffende trap te ervaar.

Reeds word myne aangemoedig om vir hul eie kragvoorsiening te sorg. Privaat maatskappye gaan toegelaat word om kragstasies te koop wat Eskom gaan sluit. Minstens sal die ervare personeel wat daar werk in diens gehou kan word.

Vir die res van die duisende kleiner maatskappye en alle entrepeneurs-ondernemings bly daar eintlik nie 'n opsie nie, hulle sal self moet sorg vir stabiele kragvoorsiening. 'n Opsie wat wel bestaan in Noord-Kaap waar oorgenoeg sonskyn en wind is om in te span vir die doel. Met die huidige situasie van 'n resessie wat die regering geskep het, gaan dit maar tère om kapitaal te kry vir daardie doel. Maar dit het nou 'n kwessie geword van swem of versuip.

Munisipaliteite, sal soos in die Wes-Kaap, self moet voorsiening maak vir krag om hul dorpe aan die gang te hou. Op ons dorp het verlede week se beurtkrag veroorsaak dat die pompe wat water uit boorgate moet pomp nie kon werk nie en die reservoirs leeggeloop het. Uit krane het skaars druppels gekom. Duidelik 'n situasie wat nie sal kan voortduur nie. Sonkrag sal moet ingespan word soos op Williston waar Karoo Hoogland groot bestee het om permanent water te kan lewer.

Selfone is lankal nie meer 'n luukse nie maar het ontwikkel in 'n noodsaaklikheid om die wiele aan die rol te hou. Al drie selfoonmaatskappye wat in ons streek doenig is, was verlede week vir byna heel dag nie aanlyn nie. Die internet was, wanneer dit beskikbaar was, so stadig dat dit humeure erg omgekrap het. 'n Situasie wat ons prakties ondervind het verlede week, wat, indien besighede naby normaal moet funksioneer, duidelik ook nie kan voortduur nie. Die maatskappye sal van hul winste moet inploeg in eie kragvoorsiening van hul selfoontorings.

## KORONA NOU ALMAL SE BESIGHEID

KORONA het alles oortref wat die afgelope eeu op gesondheidsvlak gebeur het. Die Spaanse griep van 1918 was die laaste keer dat 'n epidemie van hierdie omvang plaasgevind het.

Op die oog af word daar oor die hele aardbol drakoniese maatreëls getref om te voorkom dat mense mekaar aansteek met die virus. Slegs byeenkomste waar daar minder as 'n honderd mense bymekaar is, word toegelaat. Dit het vir alle praktiese doeleindes 'n einde gemaak aan alle sportbedrywighede dwarsoor die wêreld.

Die finansiële implikasies is klaarblyklik nie te ernstig in aanmerking geneem toe op dié maatreëls besluit is nie want dit is in elke geval onberekenbaar wanneer radio en televisiestasies dit werklik ernstig oorweeg om hul sportpersoneel te ontslaan.

Onderwyl die toeristebedryf wêreldwyd dodelike houe toegedien is, het dit in Suid-Afrika nog nie eens behoorlik herstel na ondeurdagte wette wat toerisme erg gestrem het, onlangs eers afgeskaf is. Die verbod op alle massa vervoer het die toerismebedryf, soos sport, tot stilstand gebring.

Dit is dus ons almal, maar almal, se belang om vinnig 'n spoedige einde aan die verspreiding van Korona virus te bring deur streng by die voorskrifte te bly.

Dit behels baie streng higiëniese gewoontes wat sal voorkom dat die virus, waar dit voorkom, verder versprei word. Die vernaamste is deur jou hande baie gereeld deeglik te was en om te vermy om deur enige persoonlike kontak die siekte te ontvang of oor te dra.

Ongelukkig kon wetenskaplikes nog nie vasstel hoe lank dit vat voor simptome voelbaar en sigbaar is nie. Gevolglik is dit waagsaam om te gou weer kontak tussen mense wat herstel het van die siekte en gesondes toe te laat.

Dit sal ook wys wees om nie alle gerugte wat rondtrek te glo nie en ook nie om alle middels wat as wondergenesing of voorkoming nou aangebied word, sonder om dit deeglik te ondersoek, te gebruik nie.

Die staat is duidelik goed op hoogte van hoe die virus hanteer moet word en het dadelik verklarings uitgereik oor wat mense kan doen om die siekte te vermy en ook plekke voorberei waar die wat in aanraking met die virus was, in isolasie gehou kan word tot dit nie meer aansteeklik kan wees nie.

Ook noodsaaklik is dat ons almal vir die nabye toekoms baie mooi met ons geldjies sal moet werk om al die terugslae op 'n manier te kan oorleef en redelik heelhuids anderkant uitkom.

## UIT DIE WOORD

### OORWINNING IN GOD SE NAAM

*Toe kom daar vuur van die Here af en dit verbrand die offer* 1 Konings 18:38

As daar ooit 'n geloofsheld in die Bybel was, dan is dit Elia. By Karmel het hy 'n skare van 450 Baälsprofete uitgedaag om te sien wie se godsdiens eg is. Elia het op daardie dag twee bulle in stukke gesny en dit op hout neergesit. Toe het hy vir die Baälsprofete die kans gegee om te bid dat hulle god wat veronderstel was om donder en reën te maak, die vleis aan die brand steek. Die spul profete trek toe los en bid die hele dag lank, maar niks gebeur nie (v 26-29).

Laatmiddag was dit Elia se beurt. Terwyl die volk staan en kyk, het hy gereël dat water oor die hout en die bul uitgegooi word. Daarna, toe dit tyd was vir die aandoffer het hy gebid. Toe gebeur 'n wonderwerk: Skielik het die Here vuur uit die hemel gestuur en die offer in 'n oogwink verbrand (v 36-38). Almal wat dit gesien het, het op die grond neergeval en hard uitgeroep: "Die Here is God!" (v 39).

Om alles te kroon, het Elia later daardie middag die hemel se sluise oopgebid sodat die groot droogte tot 'n einde gekom het (v 41-46).

Wat 'n dag van wonderwerke. Op een dag stuur God vuur en baie water in reaksie op twee opregte gebede van sy kneg. Sien tog raak dat geloof die onmoontlike vermag. Geen oormag is te groot wanneer iemand die Here onverskrokke vertrou nie.

Gebed: *Here, ek vertrou op U om die onmoontlike te doen.*
– Stephan Joubert

### 25 Jaar gelede

NOORDWESTER: 9 Junie 1995. Wat Alan Sher 32 jaar gelede probeer het sonder sukses, is nou verwesenlik met die stigting van 'n Lions Klub vir Calvinia op Vrydag 2 Junie 1995. Dit is die eerste keer in die geskiedenis dat 'n klub gestig is, sonder een bestaande lid.



## DA SOEK ANTWOORDE VAN SAPD

# Skuldige polisie nie vervolg nie

**KIMBERLEY – Dit het onlangs onder die aandag van die DA gekom dat daar nie opgetree word teen polisie amptenare wat intern skuldig bevind is aan misdade nie.**

So verklaar Ofentsi Mokae, DA LPW en Noord-Kaap woordvoerder vir Transport, Veiligheid en Skakeling.

Die DA weet van ten minste vier voorvalle van veediefstal waarby polisie offisiere van die Griekwastad polisiestasie geïmpliseer is en deur interne ondersoeke skuldig bevind is. In nog 'n voorval het 'n ondersoek 'n polisieman van Prieska skuldig bevind aan verkragting.

Hoewel die kriminele aanklagte teruggetrek is, lê hierdie interne ondersoek verslae steeds op die lessenaar van polisiekommissaris Risimati Shivuri. Dit lyk of hy nie daaraan aandag wil skenk nie.

Die DA vind dit onaanvaarbaar dat hierdie polisiemanne nog steeds 'n salaris verdien terwyl hul niks beter is as die kriminele wat hul veronderstel is om te soek nie.

Met sulke optrede is dit geen wonder dat inwoners vertroue verloor het in die SAPD nie.

### 25 Jaar gelede

NOORDWESTER: 9 Junie 1995. Nege en twintig lede is ingelyf by die stigting van Calvinia se Lions Klub. Dit is 'n besondere prestasie as daarop gelet word dat die meeste klubs gemiddeld negentien lede het. Die getalle geld vir klubs vanaf Namibië tot sover as Suid-Kaap.

## WASHINGTON DC

WOUTER WESSELS, VF Plus-LP het na Washington DC gereis om vergaderings van die Onverteenwoordigde Nasies en Volkere Organisasie (UNPO) by te woon. Hy het die organisasie ingelig oor minderhede in Suid-Afrika se probleme.

## ONDER TOP TIEN

PORT ELIZABETH – Donderdag 12 Maart 2020 het die 23ste wolveiling van die 2019/20 seisoen plaasgevind en die Cape Wools aanwyser het met 0,7% en 120 punte laer verhandel en teen 'n skoonprys van R177,89/kg gesluit.

Onder die OVK veiling se top tien beste pryse in die Noord-Kaap uit hierdie omgewing was:

- JA van der Merwe, Sutherland vir 2 BFY van 16,4 mikron teen R135,00/kg
- JA van der Merwe, Sutherland vir 1 BH van 16,0 mikron teen R131,00/kg
- J. Loots, Victoria-Wes vir 2 BF van 17,5 mikron teen R121,20/kg
- FI Duminy, Richmond vir 1 BF van 17,7 mikron teen R121,10/kg


**OMGEWING KENNISGEWING: PROSPEKTIESE TOEDIENING**

Kennis geskied hiermee in terme van Artikel 16 van die Minerale en Petroleum Hulpbron Ontwikkelings Wet, 2002 (Wet No. 28 van 2002) (MPRDA), en Hoofstuk 6 van die Regulasies oor Omgewingsimpakbepaling, 2014, uitgevaardig kragtens die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA) (soos gewysig) vir aansoeke vir Prospekteerreg en Omgewingsmagtiging (OM).

Environmental Impact Management Services (Edms) Bpk (EIMS) is aangestel deur Black Mountain Mining (Edms) Bpk – die Aansoeker – vir die voorbereiding en indiening van 'n Basiese evalueringsverslag (BAR) en Omgewingsbestuursprogram (EMPR), sowel as die uitvoering van 'n geïntegreerde openbare deelname proses ter ondersteuning van 'n aansoek vir 'n Prospekteerreg en Omgewingsmagting.

Die Prospekteerreg aansoek sal in ooreenstemming wees met die vereistes van die Minerale en Petroleum Hulpbron Ontwikkelings Wet (Wet 28 van 2002, soos gewysig) (MPRDA) en die gepaardgaande regulasies; asook die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998, soos gewysig) (NEMA) en die gepaardgaande regulasies, wat ingedien sal word by die Departement van Minerale Hulpbronne (DMR) Noord-Kaap.

**Aard van aktiwiteit:**
Black Mountain Mining (Edms) Bpk, het 'n aansoek vir 'n Prospekteerreg ingedien om te bepaal of ekonomiese lewensvatbare minerale bronne van Ysterhoudende en basismetale (Koper, Yster Lood, Sink, Mangaan, Nikkel en Molibdeen) en alle verwante metale en minerale. Edelmetale (gouderts, silwererts) en alle verwante metale en minerale in die aansoek area voorkom Beide nie-indringende en indringende prospekteringstegnieke sal toegepas word. Die teiken geologiese formasie is die Boesmanland Groep.

Die volgende NEMA-gelyste aktiwiteite word ingesluit by hierdie aansoeke, aan die bevoegde owerheid, die Departement van Minerale Hulpbronne:

- **Kennisgewing 1 (GNR 983) Aktiwiteit 20:** Aktiwiteite wat direk verband hou met prospektering van 'n minerale hulpbron, insluitend die bedryf van daardie aktiwiteit wat 'n prospekteerreg ingevolge artikel 16 van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 2002 (Wet No. 28 van 2002), insluitend geassosieerde infrastruktuur, strukture en grondewerke, wat direk verband hou met die prospektering van 'n minerale hulpron.
- **Kennisgewing 1 (GNR 983) Aktiwiteit 27:** Die opruiming van 'n oppervlakte van 1 hektaar of meer, maar minder as 20 hektaar inheemse plantegroei.
- **Kennisgewing 3 (GNR 985) Aktiwiteit 12 g ii:** Die verwydering van 300 vierkante meter of meer inheemse plantegroei behalwe waar sulke verwydering benodig word vir onderhoud doeleindes soos uitgesit in 'n onderhoudsbestuursplan: In die Noord-Kaap: Binne kritiese biodiversiteitsareas geïdentifiseer in biostreeksplanne.

**Plek:**
Die Gifkop Projek Area strek oor 'n oppervlak van ongeveer 9234.1442 hektaar. Die voorgestelde prospektering gebied is ongeveer 77.3 kilometer Suidwes van die dorp Prieska en 166 kilometer noordwes van die dorp De Daar, Pixley Ka Seme Distrik, Noord-Kaap Provinsie. Die voorgestelde aansoek is op gedeeltes 1 and 2 van die plaas Kalkfontein A 131 en gedeeltes 3 and 4 van die plaas Roode Draai 134. Die geografiese koordinate in die middel van die terrein is ongeveer: 30°19'38.77" S and 22°36'17.72" O

**Date of Placement:**
20 Maart 2020

**Registrasie en kommentaar:**
Belanghebbende en Geaffekteerde Partye (B&GPe) word die geleentheid gebied om te registreer en kommentaar te lewer op die voorgestelde aktiwiteite. Ten einde te verseker dat u geregistreer is as 'n B&GP, verstrek asseblief u naam, kontakbesonderhede en rede vir u belangstelling aan Environmental Impact Management Services (Edms) Bpk (EIMS se kontakbesonderhede verskyn aan die einde van hierdie brief) nie later as die 18th April 2020. Sluit asseblief die projek verwysingsnommer 1304-7 in alle korrespondensie in.

Enige navrae, kommentaar of bekommernisse ten opsigte van hierdie kennisgewing kan gerig word aan EIMS by:

- Kontakpersoon: Cheyenne Muthukarapan
- Epos: kpasouth@eims.co.za
- Faks: 086 571 9047
- Tel: 011 789 7170
- Posadres: P.O. Box 2083; Pinegowrie; 212
- Verwysings no: 1304-7

EIMS ENVIRONMENTAL IMPACT MANAGEMENT SERVICES